

# Meer as oorwinnaars

## Rusoord:

- Ina Joubert het geval, en haar kop beseer. Sy het steke gekry.
- Marie Malan het geval en haar heup gebreek.
- Ralie Swart het geval en haar heup gebreek.
- Louise Scholtz het longprobleme en is op suurstof.
- Marie Smit se skoonseun is oorlede aan Covid, en haar dogter is nog in die hospitaal met Covid.
- Susan van Dyk is oorlede.
- Louise Scholtz gaan by haar dogter bly in Silverton.
- Pierre Gouws is geopereer, daar is 'n gewas aan die kant van sy kop verwyder wat moontlik kwaadaardig is. Ons bid vir sy volkome genesing.
- Nettie Theron het gesterf, die viering van haar lewe het Donderdag plaasgevind. Ons bid dat Dawie Marietjie en die kinders in die tyd die Gees se troos sal ervaar.
- Marie en Johan du Toit se moeder is Vrydag begrawe. Mag God se vrede vir hulle oordek. Ons bid ook vir Marie wat self in 'n versorgingseenheid opgeneem is, mag Sy elke dag die Here se liefde ervaar.
- Bid asb vir René en Martin Odendaal, pleegouers in die pleeg huis wat einde Januarie verhuis. Mag God hulle met wysheid, krag en genade oordek vir 'n nuwe fase van hulle lewe.
- Hou steeds vir Arrie en Susan Booyse in julle gebede na die afsterwe van Sandrie (27), ons bid dat God hulle sal dra in Sy liefde.
- Fanie Van Niekerk het goeie nuus ontvang na 'n angiogram gedoen is, ons is saam dankbaar!
- Hennie en Michelle Bester se moeder het ons almal se gebed nodig, 'n obstruksie in die dermkanaal het slegte gevolge gehad. Sy het 'n hegting gekry en sal waarskynlik na 'n gewone saal oorgeplaas word.

# Die Aankondiger

14 November 2021

*Ds Gideon het in die komende week Sinodesitting en sal nie bybelstudies kan doen nie.*

**Prediker:** Ds Gideon Du Toit

**Skriflesing:** Hebreërs 11 & 12

**Tema:** "Van suksesresepte na 'n soekende sukkelgeloof. Volharding en getrouheid is die belangrikste"

**Liedere:** 509:1,2,3; Halleluja (CD), 268, & 284 al die verse; (CD)



## Verstaan Satan se planne

### 2 Korintiërs 2:11 NLV

Een van Satan se gunsteling planne is om ons sover te kry om normale dinge op 'n abnormale manier te gebruik. Gedurende die versoeking in die woestyn, het hy probeer om Christus se hongerpyne tot sy voordeel te gebruik deur te sê: '...beveel hierdie klippe om brode te word' (Matteus 4:3 NLV). Jesus het egter die Skrif geken, dus het Hy geantwoord: "...Nee! Daar staan in die Skrif geskryf: "'n Mens het meer as brood nodig om van te lewe. Wat jy eintlik nodig het, is om te leef van elke woord uit God se mond'" (vers 4 NLV).

Ons almal het geld nodig, maar Satan sal jou in die versoeking bring om op jou belastingopgawe te kul, jou werk af te skeep of jou tiende te weerhou. Ons is almal met die behoefte aan geselskap en seksuele vervulling geskape. Satan sal jou egter in die versoeking bring om aan hierdie behoeftes te voldoen deur 'n buite-egtelike verhouding te hê of om jou in aanlyn pornografie vas te vang. Ons almal wil graag suksesvol in ons beroepe wees. Satan sal jou egter in die versoeking bring om sukses te behaal deur te lieg, te manipuleer of iemand anders se lig te demp sodat jou lig helderder kan skyn.

Een van sy oudste planne is om ons verward oor ons waardes te maak, sodat goeie dinge boos voorkom, of bose dinge goed voorkom. Wat is dus die antwoord? Paulus sê: 'Om staande te bly teen die listigheid van die duiwel moet julle God se gevegstoerusting aantrek' (Efesiërs 6:11 NLV). Daar is net een manier om Satan te ontmasker en sy planne te oorwin, en dis deur 'n hegte wandel met God, daaglikse bestudering van die Skrif en 'n konsekwente gebedslewe. Dis hoe jy oor jou gedagtes, jou mond en jou morele waardes, waghou.

## Kennisgewings

### Gemeente-ete Sondag 28 November 2021

Ons wil u almal uitnoui om Sondag 28 November saam ons dankbaarheid voor God te kom vier vir 60 jaar se getrou e voorsienigheid.

Na die erediens sal 'n **boomplantseremonie** plaasvind.

Dan is daar 'n **Buffet-ete** wat gehou gaan word, met 3 verskillende vleisgeregte, 2 verskillende styselgeregte, 3 verskillende slaaie en nog 'n groente. Vrugteslaai en roomys vir nagereg en koeksisters saam met die koffie. @R60. (net 120 kaartjies is beskikbaar)

Samesyn, kennismaking en kontak met mekaar is die groot doel van die geleentheid. 'n Ons gaan in die saal saam eet, dit gaan nie 'n wegneemete wees nie. Help asb deur ook oud-lidmate te nooi om die geleentheid saam te vier.

Besprekings by Susann 012 6646695 / 082 802 4883 .Kontak Adel 0768900823 as jy lus het om te help met die voorbereiding.

### CMR

Liewe gemeente, Lyttelton-Noord voorsien elke jaar nie-bederf-bare voedsel en toiletware aan die CMR Ons versoek dat u gedurende die week, (Maandag, Woensdag tot Vrydag) of Sondag, voedselpakkies by die Kerkkantoor sal aflewer. U bydraes sal hoog waardeer word. Die CMR is afhanklik van ons hulp.

**Baie geluk aan almal wat verjaar :**

**14 - 20 November**

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Brits	Riaan	11/14		0764131703
Schoeman	Rina	11/14	012 664 7205	0766791213
Smith	Pieter	11/14		0748338394
Naudé	Lihan	11/15	012 664 6554	
Fölscher	Ruan	11/16		
Holtzhauzen	Merelda	11/16	012 6642199	
Schafer	Connie	11/16	012 664 0918	0798131568
Terblanche	Fransie	11/16		0832911867
Van Der Westhuizen	Tyrone	11/16		
Brink	Gideon	11/17	012 664 2114	0824125922
Van Deventer	Sylvia	11/18		0835412285
Moggee	Jeanne	11/20		0835597711
Odendaal	Martin	11/20	012 6642199	

*Ons behoort aan God*

Baie geluk aan die volgende lidmate wat bevestig word as:

**Ouderling**  
**Diaken**

Cassie Labuschagne  
Elmien Viktor (snr)  
Elmien Viktor (jnr)  
Willem Schwartz